Saam boer ons vooruit

Gewasbeskerming | Plantvoeding | Presisiedienste

Agent kontakbesonderhede



# Herman Beukes

**T: 082 773 3126 / E: hbeukes@laeveld.co.za**

## Area: Hopetown en omgewing

**Gewasse:** Mielies, springmielies, koring, pekaneute

Herman Beukes het in Petrus Steyn in die Vrystaat grootgeword, waar hy op laerskool was. Hierna het hy sy hoërskoolloopbaan by die Hoër Tegniese Skool De Wet Nel in Kroonstad begin en in 1996 gematrikuleer.

Dié volbloed Vrystater se pa was 'n melk- en saaiboer in die Petrus Steyn-omgewing en sy ma was 'n bobaasbakster. Sy pa het ook 'n suksesvolle vervoeronderneming bedryf en het sy Springbokkleure verwerf as 'n groot kaliber-skut – 'n passie wat ook by Herman diep gewortel is. Ná sy pa se afsterwe in 'n motorongeluk, het sy ma haar in haar tuisdorp, Frankfort, gevestig, waar sy haar eie tuisnywerheid oopgemaak het.

Na skool het Herman die geleentheid gekry om op 'n plaas in Engeland te gaan werk waar hy baie oor die bedryf geleer het. Met sy terugkoms het hy sy ambag voltooi by Barloworld Equipment. Sy geesdrif vir entrepreneurskap het hom gelei om 'n reeks ondernemings te begin wat die verhuring van grondverskuiwingstoerusting, asook 'n Kawasaki- en Polaris-agentskap ingesluit het.

Herman is met Jeanine Jacobs getroud. Jeanine is in haar eie reg 'n suksesvolle sakevrou met 'n kreatiewe oog en het jare lank 'n skoonheidspa in Bloemfontein bedryf. Herman is 'n kranige jagter en pistoolskut en beoefen gereeld hierdie stokperdjie.

In 2018 het Herman 'n geleentheid in die kunsmisbedryf in Hopetown gekry, wat ook Jeanine se geboortedorp is. Dié posisie het vir hom die ideale geleentheid gebied om sy aanvoeling vir verkope en sy liefde vir mense, veral in die boeregemeenskap, uit te leef.

Herman het in 'n kort tydjie vir homself 'n netwerk gevestig in 'n wye gebied in die Noord-Kaap en Suid-Vrystaat – die ideale platform om boere met hul gesaaides te ondersteun. Herman is kenner op onder andere mielies, springmielies, koring en pekaneute.

Hy is nederig en beskryf homself as 'n "mense-mens", vir wie dit lekker is om 'n verskil te kan maak. "My filosofie is dat verhoudings die basis van die lewe vorm – verhoudings met jou gesin en familie, jou werksmense, jou naaste en jou Skepper. Ek is passievol oor boerdery, want dit vorm die basis van 'n land se ekonomie en die vooruitgang van 'n nasie," vertel hy.

***"Met Laeveld Agrochem en Agri Technovation se uitstekende dienste en spesialisprodukte, wil ek aan my kliënte die beste moontlike diens bied en so ook 'n verskil in hul lewens maak."***

Herman se kliënte is versprei oor 'n groot gebied en hy bedien die gebiede vanaf Hopetown tot Orania, Petrusville, Luckhoff en Rietrivier.

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

**www.laeveld.co.za**